KAAP AGRI

TUSSENTYDSE VERSLAG 2011

ONGEOUDITEERDE VERSLAG
VIR DIE SES MAANDE TOT 31 MAART 2011

VERSLAG

Die Groep tussentydse verslag gee 'n oorsig van die Groep se aktiwiteite, resultate en finansiële posisie vir die ses maande geëindig 31 Maart 2011. Waar in die kommentaar verwys word na "vorige jaar", verwys dit na die ooreenstemmende sesmaande-tydperk van die vorige jaar.

OMGEWING

As landboudienste-groep was Kaap Agri ook blootgestel aan die wisselende landboutoestande. Pryse vir produkte was in die meeste bedryfsvertakkings bevredigend, maar enkele vertakkings se boerderymarges is onder groot druk weens lae pryse. Alhoewel die landbou-omgewing minder sensitief is vir korttermyn-skommelings, het die positiewe en negatiewe tendense tog 'n impak op die resultate van Kaap Agri, maar ook soms eers in die volgende seisoen. Die oorvloedige reën, en vloedskades wat in die land ervaar is, het relatief min impak op Kaap Agri se aktiwiteite gehad.

AKTIWITEITE

Kaap Agri het sedert die vorige jaar sy uitbreidings voortgesit deur nege nuwe bedryfspunte te vestig in die vorm van Agrimarkte, Liquormarkte, Villagemarts, Savemarts en brandstofrybane, hoofsaaklik in die Wes-Kaap, Namibië en die Limpopo-provinsie. Die verskillende handelsmerke word gebruik om spesifieke teikenmarkte te bedien wat buite die tradisionele landboumark lê. Sommige van hierdie uitbreidings lewer reeds 'n bydrae tot wins, alhoewel nie noodwendig in verhouding tot hulle bydrae in omset nie, terwyl ander nog in 'n ontwikkelingstadium is. Dit word aanvaar dat, met die betreding van nuwe markte, daar noodwendig 'n leerkurwe sal wees en dat al die uitbreidings nie in die eerste jaar winsgewend sal wees nie. Hierdie nuwe takke plaas Kaap Agri egter in 'n gunstige posisie om sy aktiwiteite buite sy tradisionele bedieningsgebied en klantebasis uit te brei.

Graanbemarking is daarop gemik om 'n eenstopdiens aan graanprodusente te bied en daardeur maksimum deurset en besetting van die silo-infrastruktuur te verseker, teenoor alternatiewe opbergingsfasiliteite wat slegs op prysbasis meeding vir produsente se koring.

RESULTATE

Bedryfsaktiwiteite

Totale omset, wat die waarde van direkte transaksies insluit, het toegeneem met 6%, terwyl die inkomste, direkte transaksies uitgesluit, met 4% toegeneem het. Marges was onveranderd en die toename in bruto wins is in lyn met die toename in omset. Die toename van 10% in totale uitgawes, hoofsaaklik weens die uitbreidings, het meegebring dat die totale aangepaste wesensverdienste uit bedrywighede met 3% tot R55,5 miljoen afgeneem het.

Die Handelsdivisie, wat insluit die handelstakke en pakmateriaalverspreiding, se omset het met 5% toegeneem teenoor die vorige jaar. Onveranderde marges en toename in kostes, waarna voorheen verwys is, het meegebring dat die wins 3% laer as die vorige jaar is. Hierdie divisie bly die grootste bydraer met 75% van die wins uit bedrywighede voor belasting. Meganisasie, wat insluit heelgoederebemarking, onderdele en werkwinkels, se omset en wins was onderskeidelik 16% en 21% laer as die vorige jaar. Produkte, wat insluit graanhantering en opberging, sowel as saadverwerking, se omset was 6% meer as die vorige jaar, maar die wins was feitlik onveranderd. Die koringoes was ongeveer 30% laer as die vorige jaar, maar vinniger uitlaai-patrone het meegebring dat hanterings- en opbergingskoste vinniger verhaal is. Agriplas besproeiing het baie goed presteer met 'n toename van 11% in omset, maar die wins het meer as verdubbel.

Die Korporatiewe afdeling verteenwoordig die koste van ondersteuningsdienste en het 'n toename van 7% in koste gehad. Tesourie verteenwoordig die netto eksterne rente ontvang minus rente betaal en het onveranderd gebly.

Die ekwiteits- SEB transaksie, waarvolgens 20% van die ekwiteit in die bedryfsmaatskappy aan swart bemagtigingsgroepe uitgereik is, is afgehandel. Die SEB-groepe se belange in die Kaap Agri Groep word aangedui as "nie-beherende belang" in die Staat van finansiële posisie en die Inkomstestaat.

Beleggingsaktiwiteite

Kaap Agri se totale ekwiteitsbelang in Pioneer Voedsel is 26,3%, maar weens beperkings op stemreg en wins(dividend)deling van ander aandele, is die stemregbelang 28,8% en die ekonomiese belang in wins 31,1%.

Pioneer Voedsel se inkomste het met 4% tot R8 308,3 miljoen toegeneem. Wesensverdienste het toegeneem met 193% tot R422 miljoen of 237 sent per aandeel, maar teenoor die aangepaste wesensverdienste van die vorige jaar het dit met 15% afgeneem.

Die opgesomde resultate is soos volg:	Ses maande tot 31 Maart 2011 Ongeouditeer	Ses maande tot 31 Maart 2010 Ongeouditeer	12 maande tot 30 September 2010 Geouditeer
Inkomste (R miljoen)	**8 308,3**	7 954,4	15 731,3
Verdienste (R miljoen)	**431**	155	235
Aangepaste wesensverdienste (R miljoen)	**422**	494	891
Aangepaste wesensverdienste per aandeel (sent)	**236,8**	280,1	503,0

Aangepaste wesensverdienste verteenwoordig die verdienste uit bedrywighede voor die voorsiening vir moontlike administratiewe boetes in die vorige jaar. Pioneer Voedsel het intussen alle bedrae en verpligtinge waartoe ooreengekom is met die Mededingingskommissie, betaal of voorsien.

Pioneer Voedsel het sy dividendbetaling hervat en 'n tussentydse dividend van 40 sent per aandeel aangekondig. Pioneer Voedsel se prestasie vir die volle jaar sal afhang van die mate waartoe hy sy marges sal kan handhaaf in 'n omgewing van stygende grondstofpryse en wisselvallige verbruikersbestedingspatrone.

Totaal
Die totale ge-ekwiteerde verdienste het met 78% toegeneem tot R186,9 miljoen. Die aangepaste wesensverdienste toeskryfbaar aan eienaars van die Groep is 13% minder as die vorige jaar, en die aangepaste wesensverdienste per aandeel is 70,99 sent teenoor die ooreenstemmende tydperk se 85,73 sent. Die verwatering in verdienste weens die SEB-transaksie was 3,84 sent per aandeel.

STAAT VAN FINANSIËLE POSISIE

Die toename in eiendom, aanleg en toerusting is opknappings, verbeteringe en uitbreidings in die gewone gang van besigheid.

Die belegging in geassosieerde maatskappy bestaan hoofsaaklik uit die belegging in Pioneer Voedsel wat getoon word teen die ge-ekwiteerde waarde. Die ge-ekwiteerde waarde waarteen die belegging in Kaap Agri se state getoon word, is R30,69 per aandeel teenoor die huidige verhandelingswaarde van ongeveer R56,00 per aandeel.

Bedryfsbates het met 13% toegeneem, hoofsaaklik weens 'n toename van 16% in debiteure. Alhoewel die toename in debiteure meer is as die toename in omset en die oorlaatskuld ook dienooreenkomstig toegeneem het, is die Raad steeds van mening dat die debiteureboek oor die algemeen gesond is en dat daar nie bewese risiko's in opgesluit lê nie.

Die toename in bedryfsbates is befonds deur kontantwins en die toename in krediteure en bankoortrekking.

KONTANTVLOEI

Die kontantvloei van die Groep is neutraal deurdat die kontantwins grootliks aangewend is vir die toename in netto bedryfsbates. Dit is egter 'n tydelike situasie en die addisionele belegging in bedryfskapitaal behoort in kontant ontsluit te word. Die groep beweeg gemaklik binne sy beskikbare finansieringsfasiliteite.

RISIKOBESTUUR

Kaap Agri het met die Mededingingskommissie geskik op 'n administratiewe boete van nie meer as R1,2 miljoen nie, vir sekere beweerde oortredings wat verband hou met sy deelname en lidmaatskap van Graan Silo Industrie (Edms) Bpk. Hierdie skikking is nog onderhewig aan bevestiging deur die Mededingingstribunaal. Kaap Agri is tevrede met die beoogde skikking aangesien dit nooit sy bedoeling was om enige wet te oortree nie en hy sy volle samewerking aan die kommissie gegee het. Daar is geen ander klagtes wat tans deur die Mededingingskommissie teen Kaap Agri vervolg word nie.

DIVIDEND

'n Tussentydse dividend van 12 sent per aandeel (2010: 2 sent) sal ongeveer op 22 Junie 2011 betaal word. Die laaste dag vir verhandeling is 31 Mei 2011.

VOORUITSIGTE

Omgewingsfaktore lyk tans normaal vir 'n goeie plantseisoen. Beter graanpryse gaan na verwagting tot 'n toename in aanplantings lei. Aanduidings is dat, met die uitsondering van enkele gewasse, normale aanplantings, uitbreidings en vervangings gaan plaasvind.

Weens die seisoenale aard van kliënte se aktiwiteite word die wins nie eweredig deur die jaar verdien nie en sal die wins vir die eerste ses maande na verwagting nie in die laaste ses maande herhaal word nie. Kaap Agri behoort egter minstens die huidige agterstand teenoor die vorige jaar in te haal en die vorige jaar se wins te oortref.

GD Eksteen
Voorsitter

CA Botha
Besturende direkteur

STAAT VAN FINANSIËLE POSISIE

	Aantekening	Ongeouditeer 31 Maart 2011 R'000	Ongeouditeer 31 Maart 2010 R'000	Geouditeer 30 September 2010 R'000
BATES				
Nie-bedryfsbates				
Eiendom, aanleg en toerusting	2	**313 451**	299 660	305 262
Belegging in geassosieerde maatskappye		**1 707 069**	1 544 238	1 570 452
Lenings		**36 703**	–	–
Uitgestelde belasting		**3 230**	1 810	4 555
		2 060 453	1 845 708	1 880 269
Bedryfsbates				
Voorraad		**364 475**	340 559	363 241
Handels- en ander debiteure		**821 744**	706 182	756 721
Finansiële instrumente vir verskansing		**1 613**	2 150	556
Kontant en kontantekwivalente		**5 452**	7 603	15 737
Inkomstebelasting		**–**	269	269
		1 193 284	1 056 763	1 136 524
Totale bates		**3 253 737**	2 902 471	3 016 793
EKWITEIT EN LASTE				
Kapitaal en reserwes		**2 357 643**	2 219 183	2 263 407
Nie-beherende belang		**113 059**	–	–
Totale ekwiteit		**2 470 702**	2 219 183	2 263 407
Nie-bedryfslaste				
Uitgestelde belasting		**2 290**	502	2 271
Voorsienings vir ander laste en aanspreeklikhede		**16 768**	16 075	16 067
		19 058	16 577	18 338
Bedryfslaste				
Handels- en ander krediteure		**371 553**	321 174	383 633
Finansiële instrumente vir verskansing		**1 613**	2 150	556
Korttermyngedeelte van voorsienings vir ander laste en aanspreeklikhede		**3 016**	5 004	4 913
Korttermynlenings		**382 785**	332 346	344 645
Inkomstebelasting		**5 010**	6 037	1 301
		763 977	666 711	735 048
Totale laste		**783 035**	683 288	753 386
Totale ekwiteit en laste		**3 253 737**	2 902 471	3 016 793
Totale aandeelhouersbelang tot Totale bates aangewend		**76,18%**	75,64%	74,66%
Netto rentedraende skuld tot Totale bates aangewend		**11,42%**	11,87%	11,56%
Netto batewaarde per aandeel				
– Geassosieerdes ingesluit teen ekwiteitsmetode		**R9,57**	R9,01	R9,19
Bedrywighede		**R3,10**	R2,74	R2,81
Beleggings		**R6,47**	R6,27	R6,38
– Geassosieerdes ingesluit teen markwaarde na aftrekking van kapitaalwinsbelasting		**R13,75**	R10,56	R12,52
Aandele uitgereik (aantal – '000)		**246 340**	246 340	246 340

INKOMSTESTAAT

	Ongeouditeer ses maande tot 31 Maart 2011 R'000	Ongeouditeer ses maande tot 31 Maart 2010 R'000	Geouditeer twaalf maande tot 30 September 2010 R'000
Inkomste	**1 452 114**	1 401 445	2 449 556
Koste van verkope	**(1 213 845)**	(1 173 892)	(2 036 058)
Bruto wins	**238 269**	227 553	413 498
Bedryfswins voor rente ontvang	**58 129**	63 856	70 434
Rente ontvang	**30 254**	31 315	62 083
Bedryfswins	**88 383**	95 171	132 517
Finansieringskoste	**(11 720)**	(15 920)	(25 401)
Aandeel in wins van geassosieerde maatskappye	**131 276**	47 540	66 156
Wins voor belasting	**207 939**	126 791	173 272
Inkomstebelasting	**(20 991)**	(21 982)	(26 871)
Wins vir die periode	**186 948**	104 809	146 401
Wins vir die periode toeskryfbaar aan:			
Eienaars van die houermaatskappy	**177 667**	104 809	146 401
Nie-beherende belang	**9 281**	–	–
	186 948	104 809	146 401
Verdienste per aandeel – basies en verwaterde (sent)	**72,12**	42,55	59,43

WESENSVERDIENSTE REKONSILIASIE

	Ongeouditeer ses maande tot 31 Maart 2011 R'000	Ongeouditeer ses maande tot 31 Maart 2010 R'000	Geouditeer twaalf maande tot 30 September 2010 R'000
Wins vir die periode	**186 948**	104 809	146 401
Netto wins met verkoop van vaste bates	**(192)**	(165)	(836)
Bruto	**(266)**	(229)	(1 161)
Belastingeffek	**74**	64	325
Netto opbrengs met versekeringseis weens brand	**–**	–	(2 013)
Bruto opbrengs	**–**	–	(3 583)
Afskrywing van eiendom, aanleg en toerusting	**–**	–	1 232
Belastingeffek	**–**	–	338
Klandisiewaarde afgeskryf	**–**	–	800
Wesensverdienste aanpassing vir geassosieerde maatskappye	**(2 624)**	(3 468)	597
Wesensverdienste	**184 132**	101 176	144 949
Geassosieerde maatskappy – Mededingingskomissie boetes	**–**	110 000	205 603
Aangepaste wesensverdienste	**184 132**	211 176	350 552
Bedrywighede	**55 480**	57 104	78 196
Beleggings	**128 652**	154 072	272 356
Aangepaste wesensverdienste vir die periode toeskryfbaar aan:			
Eienaars van die houermaatskappy	**174 883**	211 176	350 552
Nie-beherende belang	**9 249**	–	–
	184 132	211 176	350 552
Aangepaste wesensverdienste per aandeel (sent)	**70,99**	85,73	142,30
Bedrywighede	**18,77**	23,18	31,74
Beleggings	**52,22**	62,55	110,56
Geweegde gemiddelde aantal aandele (aantal – '000)	**246 340**	246 340	246 340

STAAT VAN OMVATTENDE INKOMSTE

	Ongeouditeer ses maande tot 31 Maart 2011 R'000	Ongeouditeer ses maande tot 31 Maart 2010 R'000	Geouditeer twaalf maande tot 30 September 2010 R'000
Wins vir die periode	**186 948**	104 809	146 401
Ander omvattende inkomste:	**5 341**	2 585	10 144
Kontantvloeiskanse	**–**	–	(39)
Aandeel in ander omvattende inkomste van geassosieerde maatskappye	**5 341**	2 585	10 183
Totale omvattende inkomste vir die periode	**192 289**	107 394	156 545
Totale omvattende inkomste vir die periode toeskryfbaar aan:			
Eienaars van die houermaatskappy	**183 008**	107 394	156 545
Nie-beherende belang	**9 281**	–	–
	192 289	107 394	156 545

STAAT VAN VERANDERINGE IN EKWITEIT

	Ongeouditeer ses maande tot 31 Maart 2011 R'000	Ongeouditeer ses maande tot 31 Maart 2010 R'000	Geouditeer twaalf maande tot 30 September 2010 R'000
Aandelekapitaal en -premie	**661 922**	661 922	661 922
Ander reserwes	**913 931**	749 536	772 342
Beginsaldo	**772 342**	746 335	746 335
Ander omvattende inkomste	**5 341**	2 585	10 144
Oordrag tussen reserwes	**136 248**	616	15 863
Behoue wins	**790 909**	816 844	838 262
Beginsaldo	**838 262**	766 846	766 846
Nie-beherende belang verkoop in Kaap Agri Bedryf Beperk	**(34 577)**	–	–
Wins vir die periode	**177 667**	104 809	146 401
Dividende betaal	**(54 195)**	(54 195)	(59 122)
Oordrag tussen reserwes	**(136 248)**	(616)	(15 863)
Tesourie-aandele	**(9 119)**	(9 119)	(9 119)
Kapitaal en reserwes	**2 357 643**	2 219 183	2 263 407
Nie-beherende belang	**113 059**	–	–
Nie-beherende belang verkoop in Kaap Agri Bedryf Beperk	**103 778**	–	–
Wins vir die periode	**9 281**	–	–
Totale ekwiteit	**2 470 702**	2 219 183	2 263 407

STAAT VAN KONTANTVLOEIE

	Ongeouditeer ses maande tot 31 Maart 2011 R'000	Ongeouditeer ses maande tot 31 Maart 2010 R'000	Geouditeer twaalf maande tot 30 September 2010 R'000
Kontantwins uit bedryfsaktiwiteite	**94 848**	100 118	137 786
Verandering in bedryfskapitaal	**(79 310)**	(13 162)	(16 415)
Kontant deur bedrywighede voortgebring	**15 538**	86 956	121 371
Inkomstebelasting betaal	**(15 669)**	(15 851)	(26 456)
Kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite	**(131)**	71 105	94 915
Kontantvloei uit beleggingsaktiwiteite	**(14 876)**	30 429	16 862
Kontantvloei uit finansieringsaktiwiteite	**4 722**	(111 212)	(113 321)
Netto kontant aangewend	**(10 285)**	(9 678)	(1 544)
Kontant en kontantekwivalente aan die begin van die periode	**15 737**	17 281	17 281
Kontant en kontantekwivalente aan die einde van die periode	**5 452**	7 603	15 737

INLIGTING OOR SAKESEGMENTE

Segmentinkomste en -resultate

	Segmentinkomste			Segmentresultate		
	Ongeouditeer ses maande tot 31 Maart 2011 R'000	Ongeouditeer ses maande tot 31 Maart 2010 R'000	Geouditeer twaalf maande tot 30 September 2010 R'000	Ongeouditeer ses maande tot 31 Maart 2011 R'000	Ongeouditeer ses maande tot 31 Maart 2010 R'000	Geouditeer twaalf maande tot 30 September 2010 R'000
Handel	**1 125 509**	1 074 922	1 927 949	**58 300**	60 070	81 062
Meganisasie	**83 420**	99 101	159 124	**3 541**	4 495	4 185
Produkte en saadverwerking	**203 809**	191 671	284 709	**14 932**	14 966	17 175
Besproeiing: vervaardiging en groothandel	**38 131**	34 464	70 037	**3 338**	1 517	3 584
Totaal vir rapporteerbare segmente	**1 450 869**	1 400 158	2 441 819	**80 111**	81 048	106 006
Korporatief	**1 245**	1 287	7 737	**(26 460)**	(24 790)	(49 531)
Tesourie	**–**	–	–	**23 012**	22 993	50 641
Belegging in geassosieerde maatskappye	**–**	–	–	**131 276**	47 540	66 156
Totale eksterne inkomste	**1 452 114**	1 401 445	2 449 556			
Wins voor belasting				**207 939**	126 791	173 272
Inkomstebelasting				**(20 991)**	(21 982)	(26 871)
Wins vir die periode				**186 948**	104 809	146 401

Segmentbates en -laste

	Segmentbates			Segmentlaste		
	Ongeouditeer ses maande tot 31 Maart 2011 R'000	Ongeouditeer ses maande tot 31 Maart 2010 R'000	Geouditeer twaalf maande tot 30 September 2010 R'000	Ongeouditeer ses maande tot 31 Maart 2011 R'000	Ongeouditeer ses maande tot 31 Maart 2010 R'000	Geouditeer twaalf maande tot 30 September 2010 R'000
Handel	**474 368**	419 653	503 510	**246 764**	223 724	314 183
Meganisasie	**36 876**	39 377	42 381	**394**	587	12 352
Produkte en saadverwerking	**70 321**	79 520	48 627	**4 429**	5 065	14 775
Besproeiing: vervaardiging en groothandel	**21 914**	25 381	23 927	**5 924**	5 713	5 680
Totaal vir rapporteerbare segmente	**603 479**	563 931	618 445	**257 511**	235 089	346 990
Korporatief	**145 418**	112 214	107 051	**140 449**	115 351	59 480
Handelsdebiteure	**794 541**	680 278	716 290	**–**	–	–
Korttermynlenings	**–**	–	–	**382 785**	332 346	344 645
Belegging in geassosieerde maatskappye	**1 707 069**	1 544 238	1 570 452	**–**	–	–
Uitgestelde belasting	**3 230**	1 810	4 555	**2 290**	502	2 271
	3 253 737	2 902 471	3 016 793	**783 035**	683 288	753 386

AANTEKENINGE

1. Basis van opstelling en rekeningkundige beleid

Die verkorte Groep tussentydse finansiële state vir die ses maande tot 31 Maart 2011 is opgestel in ooreenstemming met IAS 34 "Tussentydse Finansiële Verslae". Die rekeningkundige beleid waarvolgens die tussentydse resultate voorberei is, stem ooreen met die wat in die voorafgaande tydperk gebruik is.

	Ongeouditeer 31 Maart 2011 R'000	Ongeouditeer 31 Maart 2010 R'000	Geouditeer 30 September 2010 R'000
2. Eiendom, aanleg en toerusting			
Rekonsiliasie van bewegings in drawaarde:			
Drawaarde begin van periode	**305 262**	286 985	286 985
Toevoegings	**15 145**	19 405	33 179
Vervreemdings	**(3)**	(96)	(342)
Afskrywing weens brand	**–**	–	(1 232)
Verbeterings aan huureiendom afgeskryf	**(358)**	(136)	(355)
Waardevermindering	**(6 595)**	(6 498)	(12 973)
Drawaarde einde van periode	**313 451**	299 660	305 262

ADMINISTRASIE

Raad van direkteure
Nie-uitvoerend
GD Eksteen (Voorsitter)
ASM Karaan (Ondervoorsitter)
FA du Plessis
BS du Toit
NC Loubser
HS Louw
CA Otto
HM Smit
JH van Niekerk

Uitvoerend
CA Botha (Besturend)
JJ Matthee (Finansieel)
S Walsh (Bedryf)

Maatskappysekretaris en geregistreerde kantoor
RH Köstens
Voortrekkerweg 65, Malmesbury, 7300
Posbus 22, Malmesbury, 7299
Telefoonnommer: 022 482 8000
Faksnommer: 022 482 8008
Internetadres: www.kaapagri.co.za

Aandele oordragkantoor
Kontakpersoon: Lizelle Bleeker
Posbus 13, Porterville, 6810
Telefoonnommer: 022 931 8200
Faksnommer: 086 636 7200
E-pos: lbleeker@kaapagri.co.za